

Boodskap aan bedryfspersoneel

www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

Warm Werk is meer as net Sweis, Vlam-sny en Slypwerk! Maart 2022



Fig. 1:
"Heat Gun"
Ontsteking
s-bron



Fig. 2: Na die brand

Hierdie brand op 21 September 2020, is begin deur 'n emmer met vlambare hars aan die brand geraak het. Die hars is gebruik om 'n veselglas kolom by 'n papiermeule te herbelyn. Rook van die brand het die dood van twee kontrakteurs-werkers veroorsaak. Hierdie Beacon sal fokus op die onbeheerde warm-werk tydens die insident.

Die aanleg was besig met 'n afsluiting waar onder andere interne herstelwerk aan die veselglas bleik kolomme gedoen moes word. (Fig 3)

Vir die herstelwerk aan die kolomme was daar twee permitte vir toegang tot beperkte ruimtes (Confined Space Entry). Warm werk was nie deel van die plan nie en daar was nie goedkeuring daarvoor nie. Daar was geen vlambare materiale in die kolomme nie. Die wande was wel van brandbare veselglas en hars gemaak. Die dag van die brand het werkers in die linkerkantse kolom gesukkel omdat die hars nie wou droog word nie weens die lae dag temperatuur. Daar was nie drom verwarmers waarmee hulle die drom met hars kon warm maak nie. Hulle besluit toe om warm lug te gebruik deur 'n elektriese "heat gun" (Figuur 1) te gebruik vir hulle emmer hars in die kolom. Die area waar hulle gewerk het is rooi gemerk op die tekening. Hulle het per ongeluk die "heat gun" in die emmer laat val, wat die emmer met hars aan die brand gestee het. Hulle het nie 'n brandblusser gehad nie en die brand het versprei. Later het die veselglas wande van die kolom begin brand. Die twee kolomme was met mekaar verbind en twee werkers wat in die ander kolom gewerk het is deur die giftige ook oorval en het gesterf. Die area waar hulle was is groen gemerk op die tekening.

Verwysings:

https://www.csb.gov/assets/1/20/evergreen_investigation_report_final.pdf?16709




Fig. 3: Die kolomme:
Grootte vergelyking bygesit

Het jy geweet?

- Sweis, vlam-sny en slypwerk is wel bekend as warm werk gevare, omdat daar vonke is wat spat.
- Baie ander gereedskap soos elektriese gereedskap en selfs hand gereedskap kan ook ontstekingsbronne wees, deur hitte of deur vonke, soos byvoorbeeld vonke van die borsels van 'n elektriese motor. Battery aangedrewe gereedskap word meer kragtig en algemeen. So word die risiko dat dit 'n ontstekingsbron kan wees ook groter.
- Elektroniese toerusting soos kameras en meetinstrumente moet gesertifiseer weer om dit in geklassifiseerde areas te gebruik.
- Al die risiko's kan bestuur word met 'n goed beplande werkspermit-stelsel, wat 'n vooraf risiko analise vir elke taak insluit.
- Soms bring kontrakteurs ander gevare saam met hulle gereedskap en materiale.
- Selfs 'n brand wat niemand seermaak nie, kan die maatskappy baie geld en tyd kos as gevolg van skade en besigheid onderbreking.
- Werk in ingeslote ruimtes (Confined Space) dra die grootste risiko in ons bedryf. Baie mense word beseer of sterf in die tipe aktiwiteite.

Wat Kan Jy Doen?

- As jy toesig hou oor 'n werkspermit stelsel of self permitte uitreik, maak seker jy verstaan behoorlik watter werk kontrakteurs gaan doen, hulle beplande metodes en die materiale en gereedskap wat hulle gaan gebruik.
- Die uitreiker van die permit is verantwoordelik om die ambagsmanne teen die gevare van die proses te beskerm. Maar hy moet ook bewus wees van die gevare wat die ambagsmanne saambring en maatskappy belange daarteen beskerm.
- Beklemtoon aan die ambagsmanne dat as enigiets verander en afwyk van die oorspronklike plan af, moet hulle dadelik die permit uitreiker kontak om vas te stel of die permit of voorsorgmaatreëls verander moet word.

Al spat die vonke nie, is die gebruik van elektriese gereedskap Warm Werk!